

**WAAR
GAAN JY DIE
EWIGHEID
DEURBRING?**

HEMEL of HEL?



Die God wat die heelal en die mens geskape het, is die Soewereine Heerser oor alles en almal. Uit Sy liefde seën Hy ons met lewe, gesondheid, talente, gawes en geleenthede en in regverdigheid beveel Hy elkeen van ons om Hom te aanbid, te vrees, en te gehoorsaam. Hy sal almal oordeel. Die goddelose sal straf ontvang en die gelowiges hulle beloning. Die ewige hel is berei vir die goddelose. Die Hemelse heerlikheid word beloof vir almal wat hulle waarlik bekeer van sonde, hulle geloof in Jesus Christus plaas vir verlossing, en in gehoorsaamheid die Bybelse onderwysing uitleef.

Het jy die Here jou God nog altyd liefgehad met jou hele hart en met jou hele siel en met jou hele verstand en met al jou krag? Het jy nog altyd jou naaste liefgehad soos jouself, en aan ander gedoen soos jy aan jouself gedoen wil hê? Het jy al ooit 'n leuen vertel? Het jy al ooit iets gevat wat nie aan jou behoort nie? Het jy al ooit met wellus na iemand gekyk of jaloers geraak? Indien jy enige van hierdie dinge gedoen het, het jy die Wet van God oortree en verdien jy die ewige verderf.

“Maar wat die vreesagtiges aangaan en die ongelowiges en gruwelikes en moordenaars en hoereerders en towenaars en afgodedienaars en al die leuenaars hulle deel is in die poel wat brand met vuur en swawel: dit is die tweede dood.” Openbaring 21:8

Die hart van die Evangelie is: **‘n Veranderde lewe in Jesus Christus.**

Elkeen van ons maak **‘n keuse.**

God sal ons lewens en ewige bestemming verander - ons moet kies om in Christus te glo en aan Hom gehoorsaam te wees.

Jesus het gesê: “...**salig** is hulle wat die Woord van God hoor en dit bewaar.” Lukas 11:28

Ons het die Woord van God gehoor. Is ons daaraan gehoorsaam?

Jesus het oorspronklik as **Saligmaker** gekom. Die wat van sonde wegdraai en in Christus glo om Hom in gehoorsaamheid te volg, sal gered word. Maar Jesus kom weer...hierdie keer as **Regter**. Almal wat hulself nie bekeer nie, en aan Sy Wet ongehoorsaam is, sal veroordeel word tot ‘n ewige straf in die hel.

Ons het ‘n keuse - om ons aan Christus as Verlosser oor te gee, of om voor Hom as Regter te staan met Oordeelsdag. Is Jesus Christus jou Verlosser? Of is Hy jou Regter?

Waar gaan jy die ewigheid deurbring?

“God het dan die tye van onkunde oorgesien en verkondig nou aan al die mense oral dat hulle hul moet bekeer.” Handeling 17:30

“Kom dan tot inkeer en bekeer julle, sodat julle sondes uitgewis kan word en tye van verkwikking van die aangesig van die Here mag kom.” Handeling 3:19

“Want Christus het ook eenmaal vir die sondes gely, Hy die Regverdige vir die onregverdiges, om ons tot God te bring - Hy wat wel gedood is na die vlees, maar lewend gemaak deur die Gees.” 1 Petrus 3:18

JESUS

- Hy het soos ons geword - sodat ons soos Hy kan wees.
- Hy was verwerp - sodat ons aanvaar mag word.
- Hy was veroordeel -sodat ons vergifnis mag ontvang.
- Hy was gestraf - sodat ons vrypraak mag hê.
- Hy het gely - sodat ons versterk mag word.
- Hy was geesel - sodat ons gesond mag wees.
- Hy was gehaat - sodat ons geliefd mag wees.
- Hy was gekruisig - sodat ons geregverdig kan wees.
- Hy was gemartel - sodat ons bemoedig mag wees.
- Hy het gesterf - sodat ons mag lewe.
- Hy het hel toe gegaan - sodat ons hemel toe mag gaan.
- Hy het verduur wat ons verdien - dat ons mag geniet wat net Hy verdien.



dr. Peter Hammond
Frontline Fellowship
Posbus 74
Nuweland 7725
Kaapstad Suid-Afrika
021 689 4480

mission@frontline.org.za

www.FrontlineMissionSA.org

www.LivingstoneFellowship.co.za

